higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

(20060116)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item/term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	'n Mediese term vir bednatmaak	A	smaakpersepsie
1.1.2	Onthou wat die oë sien	B	reukpersepsie
1.1.3	Deur Dina Stachel gestig	C	vetsug
1.1.4	Maak sy/haar eie storie op	D	enurese
1.1.5	Wanneer kinders soos babas optree	E	sosiaal onvolwasse
		F	lyfstraf
1.1.6	Met verskeie reuke verbind	G	passiewe taalontwikkeling
1.1.7	Suid-Afrikaanse Montessori-vereniging	H	visuele geheue
1.1.8	Wanneer die oë 'n voorwerp in die siglyn volg	I	MATAL
1.1.9	Bevorder VKO in Kaapstad	J	voetsool
1.1.10	Loop op 'n tou	K	okulêre motoriese beheer
		L	Montessori
		M	oog-voet-koördinasie
		N	aktiewe taalontwikkeling
		O	SAMA

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 Kruiwaloop bevorder liggaamstabiliteit.

1.2.2 Die konsep van 'werk' word in baie van Montessori se navorsing 'speel' genoem.

1.2.3 Skoolrypheid verwys hoofsaaklik na ‘n kind se fisiese ontwikkeling.

1.2.4 Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) is in 1999 in Suid-Afrika bekend gestel.

1.2.5 Dit is normaal vir kinders van tussen die ouderdom van 5 en 7 jaar oud om woede-aanvalle te kry.

1.2.6 ‘n Kind se gedrag is onvanpas wanneer dit ander se regte beïnvloed.

1.2.7 ‘n Fobie is ‘n normale deel van groei en ontwikkeling.

(10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Om op ‘n … oppervlak te werk, sal ‘n kind se fyn motoriese vaardighede verbeter.

A horisontale
B regop
C vertikale
D sagte

1.3.2 ‘n Emosioneel ontwikkelde kind sal …

A aan groepaktiwiteite deelneem.
B geneig wees om te dagdroom.
C geneig wees om skaam te wees.
D stadig op instruksies reageer.

1.3.3 ‘n Permissiewe ouer sal …

A reëls afdwing wat kinders moet volg.
B min weet oor waarmee hul kinders besig is.
C nie baie dissipline op die kinders toepas nie.
D gevolge eerder as straf gebruik.

1.3.4 ‘n Aktiwiteit wat groot motoriese vaardighede bevorder, is om …

A krale met ‘n naald en wol op te ryg.
B op die speelraam te speel.
C prente uit ‘n tydskrif te sny.
D speeldeeg in klein balletjies te rol.

Kopiereg voorbehou

1.3.5 Die mees gepaste leereenheid om meetvaardighede in die MATAL-program te onderrig, is …

A aanvoeling en kennis.
B sortering en klassifisering.
C waarneming van die lug en die weer.
D waarneming van die wêreld om ons.

1.3.6 Deur die tekstuur van verskillende materiale te voel, verbeter 'n kind se …

A reukpersepsie.
B smaakpersepsie.
C gevoel- of taspersepsie.
D visuele persepsie.

1.3.7 Normale wangedrag vir 'n 4-jarige kind is dat hy/sy …

A met kleiner kinders kan deel.
B fisiese onafhanklikheid kan toon (toilet-opgelei).
C woede-aanvalle kan kry.
D maklik opgewonde kan raak.

1.3.8 Die volgende aktiwiteit bevorder passiewe taalontwikkeling gedurende VKO:

A Luister na stories op televisie.
B Voer 'n telefoongesprek.
C Vertel nuus van die huis af.
D Voltooi 'n sin gedurende 'n groepaktiwiteit.

1.3.9 Die eerste skool wat Maria Montessori geopen het, was …

A Casa Dei Mia.
B Casa Del Alfreidi.
C Casa Dei Bambini.
D Casa Duo Bambini.


1.3.10 Bheki het 'n sny sjokoloadekoek geniet wat sy ma gebak het, wat sy … verbeter het.

A reukpersepsie
B smaakpersepsie
C taspersepsie
D visuele persepsie

(10 × 2) (20)

1.4 Bestudeer die volgende prente en dui aan watter vaardighede daardeur ontwikkel sal word. Skryf slegs EEN vaardigheid per prent neer.

1.4.1



Aktiwiteit: Speel domino's

DOMINOES

1.4.2



Aktiwiteit: Vertel 'n storie

1.4.3



Aktiwiteit: Kleur 'n prentjie in

1.4.4



Aktiwiteit: Kruip onder stoele deur

1.4.5



Aktiwiteit: Skop 'n bal

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vraag wat volg:

Kinders wangedra hulle nie

As ‘n mens dink in terme van kinders wat hulle wangedra, beteken dit nie net moeilikheid vir die kinders nie, maar veroorsaak ook onnodige probleme vir hul ouers. Hoekom is dit so?
Die konsep van kinderwangedrag is eeue oud, en niemand weet regtig wanneer en hoe dit ontstaan het nie. Wangedrag is dus ‘ouertaal’, wat verband hou met die manier wat ouers tradisioneel hul kinders beskou het. Ouers sê dat kinders hul wangedra wanneer hulle optrede in die een of ander opsig nie ooreenstem met hoe ouers dink hul kinders behoort op te tree of hulle gedra nie.

Outeur: Thomas Gordon, Ph.D.
[Aangepas uit: *www.gordontraining.com*

Identifiseer en verduidelik VYF oorsake van wangedrag in kinders. (5 × 2) (10)

2.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Nadat Nonki die telefoonoproep van die skoolhoof beëindig het, slaan sy in ‘n koue sweet uit. Sy kan nie glo wat sy so pas gehoor het nie. Samai, haar 10-jarige dogter, is deur die plaaslike inkopiesentrumbestuurder en ‘n sekuriteitswag by die skool afgelaai. Samai en haar twee vriende is in die plaaslike TYPO-skryfbehoeftewinkel betrap waar hulle winkeldiefstal pleeg. Dit is dieselfde kind wat haar huiswerk betyds klaar maak, na aandete die tafel help afdek en selfs oor naweke met huishoudelike take help. Hoe kan dit waar wees, dat hierdie selfde kind betrap is dat sy steel? Die laaste ding wat Nonki nodig het, is dat negatiewe aandag Samai se toesigverhoor beinvloed.

2.2.1 Noem VYF moontlike redes waarom kinders steel. (5)

2.2.2 Adviseer Nonki oor hoe om die situasie te hanteer. Noem VYF strategieë. (5 × 2) (10)

2.2.3 Ontleed die scenario en verduidelik moontlike redes waarom Samai besluit het om winkeldiefstal te pleeg.

Wys DRIE redes uit. (3)

2.3 Definieer die volgende terme:

2.3.1 Sielkundige

2.3.2 Afkoeltyd

2.3.3 Fobie

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

2.4 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

KINDERS SE EETGEWOONTES: 'N WARE DILEMMA

Kinders kan hardkoppig wees oor kos. Ons as ouers en versorgers weet dat dit belangrik is dat ons kinders behoorlik eet. Volgens 'n onlangse nasionale opname stem byna alle ouers (97%) saam dat kinders se eetgewoontes gedurende hul kinderjare 'n lewenslange invloed op hulle gesondheid sal hê. Maar dit kan 'n opdraande stryd wees om van dag tot dag ons kinders te laat eet. Nog 'n opname het aangedui dat 'om 'n kleuter groen groente te laat eet' as die derde moeilikste ding om te doen in die lewe gereken word, net ná 'gevorderde algebra' en 'tydsreise'.

[Aangepas uit: http://www.firstthingsfirst.org.
Outeur: Kavita Bernstein Datum: 29 November 2017]

2.4.1 Op grond van jou begrip van eetprobleme in kinders, verduidelik wat die volgende eetversteurings is:

(a) Anoreksie
(b) Vetsug
(c) Pika
(d) Lekkerbekkige eters/Eters met fiemies


(4 × 2) (8)

2.4.2 Adviseer ouers/versorgers oor hoe om elk van die bogenoemde eetversteurings te hanteer. Noem EEN manier per probleem.

(4 × 2) (8)
[50]

VRAAG 3

3.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:







eNCA Nuus het 'n onderhoud met me Mareldia Tape, Direkteur van die Grassroots Educare Trust oor die belangrikheid van Vroeëkinderontwikkeling uitgesaai, wat 'n oorsig gebied het oor die struktuur van VKO-programme in Suid-Afrika en die konsep van leer deur speel.

[Bron: eNCA News
Datum: 18 November 2020]

3.1.1. Noem DRIE doelwitte van die Grassroots Educare Trust. (3 × 2) (6)

3.1.2 Gee ‘n uiteensetting van VYF sleuteldoelwitte wat deur die Grassroots Educare Trust gestel word. (5 × 2) (10)

3.1.3 Identifiseer SES dienste wat deur die Grassroots Educare Trust gelewer word. (6)

3.2 Verduidelik VYF rolle van die ouer in Montessori-onderwys. (5 × 2) (10)

3.3 Noem VIER maniere waarop die ELRU-program kapasiteitsbou insluit. (4 × 2) (8)

3.4 Bestudeer die prente van die Montessori-klaskamers hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

Montessori-klaskamers

PRENT 1



PRENT 2



Beskryf VYF aspekte van ‘n Montessori-klaskamer. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 4

4.1 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

<u>SKOOLGEREEDHEID:</u> Sosiale en Emosionele Ontwikkeling, Mondelinge Taal- en Pre-leesvaardighede

Skoolgereedheid verwys na of ‘n kind die gedrag, vaardighede en kennis vertoon wat nodig is om in die skool suksesvol te wees. Dit kan in VIER kategorieë verdeel word: sosiale en emosionele ontwikkeling, mondelinge taalontwikkeling en pre-leesvaardighede, mondelinge wiskundige ontwikkeling en pre-wiskundige vaardighede en algemene kennis.



Bron: https://education.stateuniversity.com]

4.1 4.1.1 Identifiseer SES kenmerke wat daarop dui dat ‘n kind NIE gereed is vir skool nie. (6 × 1) (6)

4.1.2 Beskryf die informele toets sat ouers kan doen om skoolrypheid te bepaal. (4)

4.2 Definieer die volgende terme:

4.2.1 Middellyn

4.2.2 Visuele onderskeid

4.2.3 Ouditiewe persepsie

4.2.4 Passiewe taalontwikkeling

4.2.5 Smaakpersepsie

(5 × 2) (10)

4.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

> Me Karabo Duma is die Graad R-onderwyseres by Little Darlings Preprimêre Skool. Sy beklee die afgelope vyf jaar hierdie pos. Sy is bekommerd oor die uitdagings wat die kinders in haar klas ervaar om konsepte in die Wiskunde-kurrikulum te verstaan. Sy het hierdie patroon raakgesien en daar is elke jaar ‘n effense toename in die aantal kinders wat hierdie uitdagings ervaar.

4.3.1 Watter van die konsepte in die Wiskunde-kurrikulum kan na jou mening ‘n uitdaging aan studente bied?

Noem DRIE konsepte. (3)

4.3.2 Adviseer me Duma oor aktiwiteite wat sy kan implementeer om met die bogenoemde konsepte te help.

Noem TWEE aktiwiteite vir elke konsep. (3 × 2) (6)

4.4 4.4.1 Noem VIER aktiwiteite wat vormherkenning bevorder. (4 × 2) (8)

4.4.2 Noem DRIE geometriese vorms wat in vormherkenning gebruik word. (3)

4.5 Bespreek kortliks VYF fisiese kenmerke wat daarop dui dat ‘n kind skoolryp is.

(5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou